KONGRES 2006

20 & 21 September

LANDBOU STRATEGIE VIR VOLHOUBAARHEID

PRESIDENTSREDE

Mnr PJ (Paul) van der Walt

'n Landboustrategie vir volhoubaarheid is die hooftema van TLU SA se Kongres vir 2006. Sou ons slegs die tema in oënskou neem, word dit duidelik dat daar iets binne die landbousektor is wat 'n mens bekommer. Dit is die een hoek van waaruit daarna gekyk kan word. Dit is egter nie die hoek van waaruit TLU SA dit wil benader nie.

Ons wil juis met hierdie tema 'n behoorlike debat aan die gang sit sodat ons nie maar net nog 'n mislukking op die vaste land van Afrika word nie . Die wêreld kan nie bekostig om maar net nog 'n land of streek af te staan wat opgaan in hongersnood en wat moet staatmaak op wêreld voedselorganisasies van die Verenigde Nasies vir hul oorlewing nie.

DIE WÊRELDOMGEWING VIR VOEDSELVOORSIENING

Voedsel is in 2005 aan 97 miljoen mense in die wêreld deur die World Food Programme (WFP) versprei, wat gelykstaande is aan 4.2 miljoen metrieke ton teen 'n bedrag van ongeveer R203 miljard (US$ = R 7.00) per jaar. Ten spyte hiervan het 852 miljoen nie elke dag genoeg om te eet nie. 815 miljoen in die ontwikkelende lande leef met kroniese honger waarvan een uit elke drie in Sub-Sahara Afrika. In Suidelike Afrika word 9.9 miljoen mense deur die WFP gevoed terwyl daar 49 miljoen is wat kosgebrek lei. Die hongersnood lyn lê nou oor Gauteng.

In 1990's het armoede met 20% in die wêreld gedaal maar hongersnood het onder 18 miljoen mense toegeneem. Elke vyf sekondes sterf 'n kind van honger. Elke jaar word 17 miljoen kinders ondergewig gebore weens ondervoeding en wanvoeding van die moeders. Kindersterftes is agt keer hoër in Afrika as in Europa. Dit is waaraan aandag gegee moet word. Nou is die vraag - hoe doen ons dit?

LANDBOUBELEID

Eerstens moet ons vir die owerheid van die dag sê dat die tyd van eksperimenteer oor wat kan werk en wat nie, nou verby is. Dat ons nou 12 jaar nadat die nuwe rigting in Suid-Afrika ingeslaan is, op 'n baie kritieke prestasie area is en dat die omgewing waarbinne ons nou gaan opereer die sukses al dan nie van die RSA gaan bepaal.

Watter terreine moet aangespreek word? Die polities-ideologiese omgewing moet gemeet word aan die volhoubaarheid van voedselsekerheid en ekonomiese groei, as dit nie daaraan voldoen nie moet aanpassings gemaak word. Die wêreldhandelsooreenkomste wat aangegaan is, veral aan die landboukant, maak dat hierdie bedryf mank gaan aan bedryfskapitaal en groei en sal daar in diepte ondersoek gedoen moet word om te bepaal wat werklik aan die gang is in die landbouomgewing. Ons bewerkbare grond- en bruikbare watervoorraad is dramaties besig om te verminder, en ons durf nie daarmee mors nie.

LANDBOU-EKONOMIE

Die oopgrensbenadering en die gevolglike toevloei van onwettige immigrante plaas veral druk op hierdie en ander interne hulpbronne. Dit skep ook veiligheidsprobleme. Hier moet gewaak word om op ’n lukraak manier na die landbou te kyk en te sê dit gaan goed met landbou.

Enkele voorbeelde: Landbouskuld wat afgeneem het? Die vraag is - is daar nie maar net minder krediet deur boere en landboumaatskappye opgeneem omdat daar minder mielies en koring aangeplant is, daarom blyk dit asof die landbouskuld afgeneem het. Aankope van masjinerie kan ook nie altyd as ’n barometer gebruik word nie. Hier kan ook gevra word hoeveel is oorbruggingstrategieë wat in plek gestel is en watter was werklike uitbreiding van die bedryf. Net uit die bogenoemde twee voorbeelde kan daar baie meer gesê word.

Daar is enkele vrae wat ek vra: Die onstabiliteit van produkpryse raak nie net die landbouomgewing nie, maar in ’n baie groot mate ook die verbruiker. Dit is ’n probleem, wat nugter denke verg. In hierdie situasie sal ernstig gewaak moet word dat die verbruiker en produsent nie teen mekaar afgespeel word nie. Die vrye mark waarbinne boere moet opereer, en die semi-vrye markstelsel waarbinne die boer en verbruiker sy lewensmiddele moet bekom, het die landbou in ’n koste knyptang situasie geplaas en die beeld van landbou benadeel. Dit is so ernstig dat sommige bedrywe se voortbestaan hierdeur geraak word. Daarom sal hier ernstig oor besin moet word. Die hoë oorhoofse koste van baie insetverskaffers aan landbou kan toegeskryf word aan die beleid wat die regering daargestel het. Aspekte soos bv. regstellende aksies en SEB het hierdie kostes so hoog opgejaag, dat die effek daarvan baie negatief deurspeel na die verbruiker toe en selfs veroorsaak dat handelsartikels onbekostigbaar duur raak vir Jan Publiek.

Enkele voorbeelde: Aspekte van hoë kostes wat gereeld deur die pers aangehaal word is die van bankwese, inligtingstegnologie en selfoonkoste, maar hierby kan baie meer gevoeg word en het ons in ’n bose kringloop geland dat oorhoofse koste van alle maatskappye alles uiteindelik deur die eindverbruiker gedra moet word. Op hierdie wyse sal ons nooit die armoedeprobleem kan aanspreek nie. Indien ons weens wetgewing hier beland het, sal daar nuut en vars gedink en gedoen moet word en dit sal ’n gesamentlike poging vanaf die regering en die privaatsektor verg. Die mense wat egter hier die grootste impak kan maak, is die regering van die dag deur die beleid so toe te pas dat groei gestimuleer kan word en investering bereik word. Die binnelandse ekonomie moet ook in so ’n mate beskerm word dat dit groei kan stimuleer, veral aan die produksie voedsel en vesel kant. Ons moet ook eers ons eie ekonomie in al sy fases so gesond as moontlik kry voordat ons kan meeding teen ander nywerheidslande.

LANDBOU-OMGEWING

Wat is op hierdie stadium negatiewe faktore wat al lank saam met ons kom en waarvoor nie oplossings gevind is nie?

A. **Veiligheid in die landbou**
B. **Grondherverdeling**
C. **Tarifisering**
D. **Versugting tot eenwording**

A. Veiligheid

Plaasmoorde: Veiligheid op plase en veral moorde kan nie saggemaak word deur dit net te erken nie. Die meeste boere sê steeds dat daar meer agter die moorde sit as die niksseggende uitsprake wat nou al retoriek geword het, dat dit net misdaad is. Die wreedheid, die marteling en die vernedering wat sommige slagoffers moet deurgaan is die bewys dat dit net eenvoudig nie misdaad is nie. Die militêre presiesheid waarmee hierdie moorde plaasvind, die ingaan en die onttrekking na en van die misdaadtoneel, is ’n bewys daarvan. Dit kom vir boere voor asof die regering die moorde op plase ook maar stilswyend aanvaar en dat die wil ontbreek om dit na behore vas te vat. Dit opsig self kan nie sommer meer net toegelaat word nie.

Beskikbare navorsing dui daarop dat, gesien vanuit 'n produksievermoë van landbou, soveel as agt jaar verlore mag gaan nadat 'n boer vermoor is. Die hoë hospitaalrekeninge van slagoffers en hoë begrafniskoste traumatiseer so 'n familie en die slagoffer, indien hy oorleef nog verder. Ek dink dat dit vir die rekening van die staat moet gaan. Die slagoffer se vermoë om hospitalisasie en begrafnisse te bekostig dra ook verder by tot vele onuitgesproke emosies wat niks bydra tot aanvaarding en 'n gesonde samelewing nie.

Diefstal: Daar moet ook spesiale vermelding gemaak word van diefstal. Dit is my oortuiging dat baie meer gesteel word as wat in statistieke weerspieël of algemeen aanvaar word. Die omvang van diefstal kan so groot wees dat baie ander boere en hul gesinne vinniger oor finansiële redes van die plase afgedwing word, as wat die geval deur geweldsmisdaad is. Sodoende kan dit heel moontlik deel van 'n omvattende poging wees om die afdreiging deur onteiening te ondersteun. Die ontwrigtende uitwerking op produktiwiteit en werksverhoudinge word hierdeur ernstig geraak. Dit het ook 'n uiters nadelige uitwerking op plaaswerkers aangesien nuwe eienaars dikwels baie agterdogtig is en nuwe werknemers aanstel. Sodoende dra dit by tot 'n groterwordende werkloosheids- en armoedeprobleem.

B. Grondherverdeling

Die ooreenkoms aangegaan tussen die Departemente van Grondsake en Landbou, die Hoof Grondeisekommissaris en TLU SA oor die verdere hantering van die grondeise is deur die DG van Grondsake tydens die Hoof Uitvoerende Beampte konferensie bekend gestel. TLU SA het intussen verder gegaan en 'n plan van aksie opgestel oor die wyse hoe dit geïmplementeer behoort te word wat deur die Hoof Grondeisekommissaris aanvaar is. Dit behels dat elke Provinsiale Grondeisekommissaris 'n vergadering moet belê met die ooreengekome rolspelers waartydens die uitstaande grondeise in totaliteit bekendgemaak moet word.

Dit bly nou 'n ope vraag in hoe 'n mate die nodige dinamika geopenbaar gaan word om wel gestalte te gee aan die inhoud van die memorandum. Oor 'n tydperk heen is baie vrae gevra oor die eerlike en deursigtige bedoeling van die regering met hierdie prosesse. Daar sal nou vinnig gesien kan word met die toepassing van die ooreenkoms of daar wel 'n verskuilde agenda is. Die bal is nou in die Provinsiale Grondeisekommissarisse se hande. Indien hierdie persone hulle verantwoordelikheid nakom is daar geen rede dat daar enigsins na onteiening as werkswyse gekyk hoef te word nie. Dit is onverantwoordelik om onnodig soveel onsekerheid in 'n sektor te veroorsaak wat reeds onder buitengewone binnelandse en buitelandse druk verkeer.

Dit bly TLU SA se standpunt dat daar by die hele proses van grondeise 'n onbillikheid ingebou is waar die regte van Blankes aangetas word. Hierdie keuses wat toegepas word is gebaseer op verdraaiings en leuens oor die geskiedenis van grondbesit. Indien daar nie billikheid en deursigtigheid ingebou gaan wees in die verdere hantering nie sal TLU SA noodwendig oor sy strategie moet herbesin.

C. Tarifisering

Die boer in Suid-Afrika kan nie meeding met regerings wat nie gaan afsien van subsidies vir landbou nie. Daarom moet daar meer gunstig deur die RSA regering gereageer word op tarifisering wanneer daarvoor aansoek gedoen word. Die invoer van goedere en/of produkte moet ook gestaak word as daar genoeg hiervan binne die RSA geproduseer word. Hierdeur word ook meer werksgeleenthede in die binneland geskep en word die ekonomie in die binneland beskerm wat 'n beter ekonomiese groei kan bewerkstellig.

Ons sê, Mnr die President en die Minister van Landbou en Grondsake, die lede van TLU SA sal steeds in die land bly produseer en ook so produseer dat die RSA sy plek in die Afrika kontinent kan volstaan as 'n sukses in Afrika en as voedsel- en kundigheidverskaffer vir die res van Afrika. Die boer van Suid-Afrika is gereed om dit te doen.

Ondersoek dan alle wetgewings wat op die landbousektor van toepassing is en as dit landbou onvriendelik is, verwyder of verander dit, want ook die nuwe toetreders tot landbou word hierdeur nadelig geraak. Hersien dit en implementeer vereenvoudigde wetgewing wat gebruikersvriendelik is en nie 'n bedreiging vir die landbou-ekonomie inhou nie. So kan groei gestimuleer word en kan werkloosheid moontlik omgedraai word. Dan kan die meeste mense in Suid-Afrika ekonomiese voorspoed beleef. Moenie 'n skaars hulpbron soos goeie landbougrond gebruik vir huisvesting nie, dit kan die land later duur te staan kom. Kom skei die portefeuljes van die Minister van Landbou en Grondsake. Ek is van mening dat deur dit te doen kan landbou binne die RSA beter gedien word en sal landbou op 'n baie vinniger manier in 'n groeifase beweeg.

D. Versugting tot Eenwording

TLU SA is nie in beginsel teen eenwording in landbou nie, maar dan moet dit op 'n vaste beginsel basis plaasvind. Daar word op verskeie vlakke op 'n forum-basis samesprekings met ander belanghebbendes in die landbou gevoer, en dit sal verder op daardie wyse hanteer word. Dit is 'n mite dat landbou swak is omdat daar verskillende standpunte bestaan oor aktuele sake. Op hierdie werkswyse word meer kante van 'n saak aangehoor soos bv. oor grondherverdeling, belastings, AgriSEB en verskeie ander sake en is die debat dan breër en kan daar baie meer sinvol oor 'n saak geredeneer word.

Die beginselpad van TLU SA word deur sy Kongres en Algemene Raad bepaal en eenheid rondom juis dit sal blywende eenheid wees. TLU SA kan nie inbind met enige kunsmatige eenheid nie – landbou is te kosbaar om so roekeloos met die toekoms daarvan om te gaan.

DIE PAD VORENTOE

Die pad vorentoe moet deur kommersiële landbou self bepaal word. Om dit te bereik is die volgende van belang:

1. Die polities-ideologiese basis waarop die Suid-Afrikaanse ekonomie en die landbousektor as deel daarvan gebaseer word, moet dringend hersien word indien ons met produksie en landbouprodukte kompeterend wil bly.
2. Die Departement van Grondsake moet van Landbou geskei word om te verseker dat die ekonomiese beleid en beginsels vir volhoubare landbou in die ontwikkeling van die landbousektor sal geld.
3. 'n Pasgemaakte plan vir armoedeverligting, veral op die platteland, moet deur die SA Regering in lyn met internasionale riglyne gemaak word en nie die sosiale-aanspreeklikheid (social accountability) gebruik om die verantwoordelikheid op die landbousektor af te skuif nie.
4. Die negatiewe impak van *Affirmative Action* en *Swart Ekonomiese Bemagtiging* op die landbousektor, en ander sektore van die ekonomie, moet betyds verreken word, want die kloof tussen superrykes en die armes van die armstes word onoorbrugbaar weens onbillike selfverryking, en die verlies aan kundigheid.
5. Die gesindheid van die kommersiële landbouers moet behou word deur aan hulle die sekerheid van leefruimte en werksruimte te gee, indien ons voedselsekerheid vir Suid-Afrika wil verseker.

SLOTOPMERKING

Lede van TLU SA, deur die genade van God Drie-enig, het ons die probleme van die verlede omgedraai in suksesse. Kom ons bely die Drie-enige God die beskikker van volke, tale en nasies, nederig, hardwerkend en eerlik met mekaar en met die owerheid van die dag, dan sal dit ook met ons steeds goed gaan in die RSA. Na ons alles gedoen het wat menslik moontlik is, is Hy die enigste wat ons lotgevalle sal bepaal.